**Breek hierdie tempel af, en binne drie dae sal Ek dit opbou (OP208)**

**Joh 2:13-25**

**16 Februarie 2025**

Laasweek het ons gekyk na die eerste teken wat Johannes in sy evangelie beskryf – dit is die Here Jesus wat water in wyn verander het tydens die bruilof te Kana. Hierdie gebeure het plaasgevind teen die einde van die eerste week van die Here Jesus se openbare optrede. Daar is twee groot ontwikkelings wat tydens hierdie bruilof plaasgevind het: (1) Eerstens het die Here Jesus aan Sy ma, Maria, verduidelik dat met die begin van Sy openbare optrede breek 'n nuwe fase aan in hulle verhouding. Voortaan het sy nie spesiale toegang tot Hom waardeur sy spesiale versoeke aan Hom kan rig bloot omdat sy sy ma is nie – nee, in die uitvoer van Sy groot opdrag staan sy in dieselfde verhouding met Hom as enige ander gelowige. (2) Tweedens het die Here Jesus die water van die ou verbond reinigingsgebruike verander in wyn, wat juis 'n teken is van die nuwe verbond. Hierdeur het Hy aangedui dat met Sy lyde, sterwe en opstanding sal die ou verbond oorgaan in die nuwe verbond. Hy sal die oorgang bewerk deurdat Hy die tipes van die ou verbond sal vervul, en sodoende sal Hy die Middelaar van die nuwe verbond wees, wat onder andere beteken dat Hy ook die Christus of die Messias is. Gevolglik sal Hy die Bruidegom by die bruilofsmaal van die Lam wees, waar daar oorvloed goeie, beleë wyn sal wees – Hy sal daarvoor sorg.

Vandag wil ek stilstaan by die reiniging van die tempel, soos beskryf in Joh 2:13-25. Ek wil dit bespreek deur veral te let op drie uitsprake in hierdie gedeelte.

<u>Agtergrond tot die reiniging van die tempel</u>

Soos ons gesien het, het die bruilof te Kana teen die einde van die eerste week van Sy openbare optrede plaasgevind. Joh 1:12 dui aan dat die Here Jesus na die bruilof vir 'n kort rukkie na Kapernaum gegaan het, maar nie lank daar gebly het nie. En dan begin vers 13 met die feit dat dit tyd was vir die jaarlikse pasga. Ons moet dus aflei dat hierdie reiniging van die tempel ook baie naby aan die begin van die Here Jesus se openbare optrede plaasgevind het. Dit is egter so dat as jy na die Sinoptiese evangelies sou gaan, bespreek hulle ook 'n geleentheid waar Jesus die tempel gereinig het. Maar hulle bespreek dit aan die einde van Sy openbare optrede – gedurende die laaste week voor Sy kruisiging – kyk byvoorbeeld na Mat 21 waar die reiniging van die tempel beskryf word direk na die intog in Jerusalem. Dit laat die vraag ontstaan of daar een of twee geleenthede was waar die Here Jesus die tempel gereinig het. Baie reken dat Johannes en die ander evangeliste verwys almal na dieselfde geleentheid, en dat óf Johannes óf die ander evangeliste die chronologie aangepas het om hulle argument beter te ondersteun. Redes wat aangevoer word oor hoekom dit een en dieselfde geleentheid moes wees, is omdat die ooreenkomste tussen die beskrywings baie groot is, en verder redeneer hulle dit is onwaarskynlik dat Jesus deur die owerhede toegelaat sou word om 'n tweede keer dieselfde tipe handeling uit te voer – na die eerste geleentheid sou die owerhede tog gedoen het wat nodig is om 'n herhaling te vermy. Dit is egter nie heeltemal oortuigend nie: Dit is tog netso as iemand twee keer dieselfde handeling uitvoer, sal die beskrywings van die twee keer tog ook baie ooreenkomste toon. In elk geval was die Here Jesus verskeie kere in die tempel tussen hierdie twee reinigings, waar Hy nie elke keer die tempel gereinig het nie – en daarom kan ons verwag die owerhede was onder die indruk Hy sou dit nie weer doen nie. Meer belangrik is egter om raak te sien dat daar ook beduidende verskille is tussen die beskrywings van die twee geleenthede: Tydens die eerste reiniging, wat Johannes beskryf, lees ons net dat die Jode van Jesus 'n teken gevra het wat kan aantoon dat Hy mag doen wat Hy besig was om te doen. Tydens die tweede reiniging, wat deur die Sinoptiese evangeliste beskryf word, was die reiniging van die tempel deel van die

laaste strooi wat die leierpriesters en skrifkenners laat besluit het Hy moet sterf (Luk 11:18). Al die behoudende kommentare wat ek gebruik in my bestudering van Johannes stem saam – ons moet twee verskillende tempelreinigings in gedagte hê, en dit is hoe ek dit hanteer.

Kom ons kyk nou na die gebeure wat plaasgevind het – lees Joh 2:13-14. Die toneel verskuif vanaf die onbelangrike Kana na die hoofstad Jerusalem. Die toneel verskuif van onbekende bruilofsfeesgangers na Jode in die tempel wat die hart van die Joodse godsdiens uitmaak. Die toneel verskuif van feesvreugde tydens 'n bruilof na 'n konfrontasie tydens die pasga.

Die pasga was die jaarlikse fees waartydens die volk na Jerusalem moes gaan om daar te herdenk hoe die Here hulle destyds uit Egipte verlos het. Onder andere is offers gebring, en natuurlik moes die paaslam geslag word vir elke gesin. Omdat baie lede van die volk van ver afgekom het vir die pasga, het hulle nie die diere vir die offers saamgebring van hulle huise af nie – nee, hulle het die diere in Jerusalem gekoop. Dit blyk dat die verkopers van hierdie diere met verloop van tyd hulleself in die buitenste gedeeltes van die tempel gevestig het en daar hulle handel gedryf het. Daar was ook geldwisselaars – want dit was ook die geleentheid waartydens hulle die tempelbelasting moes betaal, en hierdie tempelbelasting moes met 'n sekere tipe muntstuk betaal word. As jy geld gebring het in ander geldeenhede, kon jy dit by die geldwisselaars gaan omruil. Ons moet daarop let dat al hierdie handelinge as sulks nie verkeerd was nie – dit was in beginsel in orde om diere te koop vir die offers, en dit was in orde om die tempelbelasting te betaal.

<u>"Hou op om die huis van My Vader 'n huis te maak waar handel gedryf word" (Joh 2:15-16)</u>

Lees verse 15-16. In hierdie verse lees ons van die optrede van die Here Jesus toe Hy op die tempelterrein gekom het. Onthou nou, die Here Jesus was al by vorige geleenthede in Jerusalem en by die tempel. Maar hierdie is nou die eerste keer na Hy met Sy openbare optrede begin het. Dit is baie duidelik dat Hy nie beïndruk was met wat Hy gesien het nie. Ons lees Hy het 'n sweep van toue gevleg en daarmee die skape en die beeste uitgejaag; ons lees Hy het die tafels van die geldwisselaars omgegooi en hulle munte uitgegooi, en Hy het vir die duiweverkopers gesê hulle moet hulle goed wegvat. Hy het dit alles gedoen, en toe 'n uitspraak gemaak: "Hou op om die huis van My Vader 'n huis te maak waar handel gedryf word!" Kommentatore skryf hieroor en sê ons moet in gedagte hou wat die tempel behoort te wees: Dit is die plek waarheen die volk tydens die pasga kom om te gedenk hoe die Here hulle uit Egipte verlos het. Hulle kom ook om offers te bring omdat hulle bewus is van hulle sondigheid. Hulle behoort te kom met gebroke harte, in nederige verootmoediging, in heilige aanbidding, met ernstige skuldbelydenis smekende dat die Here hulle sal verlos van hulle sonde, soos Hy hulle destyds uit Egipte verlos het. Die realiteit is egter dat hierdie gees van ernstige en intieme gemeenskap met die Here oordonder word deur die gebulk en geblêr van die diere daar op die tempelterrein, die geskarrel om te koop en verkoop en om geld te wissel. Die Here Jesus kyk na hierdie geskarrel van die mense, en waaroor Hy ontsteld is, is dat die mense primêr besorg is oor die uiterlike rituele – diere moet geoffer word en belasting moet betaal word. Ja, dit is so, dat hierdie rituele voorgeskryf was – maar verstaan hulle nog die doel met al hierdie handelinge? Of het die uiterlike handelinge die doel geword? Die Here Jesus is ontsteld oor dit waarvan Jes 29:13 skryf: "Hierdie volk nader My met hulle mond en met hulle lippe eer hulle My, maar hulle hart is ver van My, hulle ontsag vir My is bloot 'n aangeleerde menslike gebod." Die Here Jesus bevraagteken hulle hartsgesindheid: Verstaan hulle hulle nood? Verstaan hulle hulle verlossing uit Egipte was 'n tipe van die verlossing wat hulle werklik nodig het? Verstaan hulle dat hulle moet kom om daardie werklike verlossing te soek? Of doen hulle net die uiterlike handelinge?

Sommiges sien hier 'n vervulling van die profesie in Sag 14:12c "Daar sal op daardie dag nie meer 'n handelaar in die huis van die Here, Heerser oor alle magte, wees nie". Sommige sien ook 'n

vervulling van die profesie in Mal 3:1-3 waar ons lees dat die boodskapper van die verbond skielik na Sy tempel sal kom, en dan gaan Hy die Leviete soos goud en silwer reinig.

<u>"Die hartstog vir U huis sal My verteer" (Joh 2:17)</u>

Lees vers 17. Die dissipels het onthou dat daar geskryf staan: "Die hartstog vir U huis sal My verteer." Dit is nie duidelik of die dissipels dit direk op daardie dag toe die Here Jesus die tempel gereinig het, onthou het nie, en of hulle dit eers later onthou het, dalk eers na Sy opstanding – soos wat ons in vers 22 lees. Hoe dit ook al sy: Johannes onder leiding van die Heilige Gees wil aan ons duidelik maak dat ons die konneksie moet maak tussen wat hier gebeur het en wat daar geskryf staan. Die plek waar hierdie aanhaling geskryf staan, is natuurlik in Ps 69:10. Kom ons kyk kortliks na die eerste gedeelte van die psalm – wat natuurlik 'n psalm van Dawid is:

- Vers 3: Dawid kry swaar – hy is besig om weg te sink in die modder
- Vers 6: Dawid verstaan hy het sonde, en boonop weet die Here dit ook.
- Vers 7: Dawid bid dat ander mense wat op die Here wag en wat die Here soek, nie beskaamd sal staan of verneder sal word a.g.v. Dawid se optrede nie. Dawid is dus besorg oor die ander mense wat op die Here wag, Hy is veral besorg dat hy dit nie dit vir hulle nog swaarder sal maak nie.
- Vers 8-9: Die rede vir Dawid se swaarkry is omdat Hy op die Here vertrou – dit is hoekom Hy bespot word. Dit is so erg dat dit hom selfs vervreem van sy broers en susters.
- Vers 10: Te midde van die spot wat Dawid moet verduur, getuig hy dat die hartstog vir die Here se huis hom verteer.

Sien jy die prentjie? Dawid word bespot omdat Hy op die Here vertrou. Dit is erg. Maar hy is nie bereid om die Here prys te gee nie. Nee, die hartstog vir die Here dring hom. Maar terselfdertyd bid hy ook vir ander mense wat ook op die Here vertrou, en hy bid dat sy optrede nie hulle lyding erger sal maak nie. Dawid is besorgd oor die Here se eer, hy is besorgd oor homself en hy is besorgd oor ander mense wat ook die Here dien. En dit is hierdie besorgdheid, hierdie hartstog, wat hom verteer – dit is 'n hartstog vir die huis van die Here, maar die hartstog word uitgedruk as hartstog vir die Here en die ander wat ook ly.

Kom ons gaan terug na Jesus se reiniging van die tempel. Die dissipels sien hoe Hy die tempel reinig. En hulle onthou hoe Dawid se hartstog vir die huis van die Here hom destyds verteer het. Dawid was besorgd oor die Here se eer, en ook oor die ander wat saam met hom ly. Nou sien die dissipels die Here Jesus se hartstog vir die tempel, die Here se huis. Soos Dawid is Hy is besorgd oor die Here se eer wat in gedrang kom met die formalistiese handelinge wat plaasvind, maar soos Dawid is Hy ook besorgd dat Sy optrede nie die wat ook ly onder hierdie formalistiese diens, moet beskaamd maak nie. Maar let nou op: Dawid het getuig sy hartstog verteer hom. Johannes sê egter die Here Jesus se hartstog sál Hom verteer – die hartstog van die Here Jesus is so intens, dit sál Hom verteer – dit sál Hom Sy lewe kos.

<u>"Breek hierdie tempel af, en binne drie dae sal Ek dit opbou" (Joh 2:18-22)</u>

Lees vers 18. Die Jode vra 'n teken – en die teken moet bewys dat die Here Jesus die dinge wat Hy doen, mag doen. Die teken moet dus bewys dat Hy die gesag het om die tempel te mag reinig. Dit is verstommend dat hulle reaksie op die reiniging van die tempel, is om 'n teken te vra. Ja, sekerlik mag hulle met reg bevraagteken hoekom die Here Jesus die praktyke in die tempel wat so goed gevestig is or die loop van jare, skielik so omver mag gooi. Maar hoekom neem hulle hom nie net in hegtenis nie? Hoekom stop hulle hom nie net nie – dit is immers hoe hulle 'n paar jaar later gereageer toe Hy weer die tempel gereinig het. Weereens moet ons onthou dit was nog maar die begin van die Here

Jesus se openbare optrede. Ja, die leiers het al ‘n afvaardiging na Johannes die Doper gestuur om te verneem wie hy was. Maar waarskynlik was hulle nog nie goed ingelig oor die Here Jesus nie. En, ons moet die afleiding maak, hier was iets aangrypend aan hierdie Man wat skielik opdaag en die tempel reinig. Selfs hulle moes dink: Is Hy dalk iemand spesiaal? Om uit te vind gee hulle Hom die geleentheid om aan hulle te bewys Hy het die mandaat om so te mag optree.

Lees verse 19-20. Die Here Jesus gee aan hulle ‘n teken soos hulle gevra het. Die teken is: Breek die tempel af, en Hy onderneem om dit dan binne drie dae op te bou. Hulle reageer in groot ontsteltenis op hierdie stelling van die Here Jesus. Hulle redeneer daar is alreeds vir 46 jaar lank gebou aan die tempel. Waarna hulle verwys is dat bouwerk aan die tempel alreeds 46 jaar gelede begin het. Bouwerk aan die tempel het waarskynlik al in 20/19 vC begin. Dit is waarskynlik nou die jaar 27/28nC – ongeveer 46 jaar later. En bouwerk aan die tempel was steeds nog nie klaar nie. Die bouwerk sou nog aanhou tot ongeveer 63 nC – vir nog ‘n verdere 35 jaar na hierdie gebeure. Met hierdie realiteit in hulle gedagte, is hulle eenvoudig verstom oor wat hulle hoor – die Here Jesus sal dit in 3 dae opbou? Dit klink eenvoudig onmoontlik.

Het jy al gedink hoe meesterlik die antwoord van die Here Jesus was? Hulle vra ‘n teken om te bewys Hy mag die tempel reinig. Hy sê vir hulle: “Breek die tempel af, en Ek sal dit in 3 dae opbou!” Hoor jy wie moet dit afbreek? Hulle, die Jode, moet. As hulle bereid is om die tempel af te breek, sal Hy dit in 3 dae opbou. Natuurlik sal hulle nie die tempel afbreek net om te sien of Hy dit in 3 dae kan opbou nie. Hulle is gesnoeker.

Let ook daarop, ons lees later, toe die Here Jesus gevange geneem is en voor die Joodse Raad verskyn het, was van die aanklagte wat teen Hom gebring is, juis: “Hierdie Man het gesê: ‘Ek kan die tempel van God afbreek en binne drie dae weer opbou’” (Mat 26:61). Dit is nie wat die Here Jesus gesê het nie: Hy het nie gesê Hý kan die tempel van God afbreek nie – nee, Hy het gesê as húlle die tempel afbreek, kan Hy dit in drie dae weer opbou. Immers verteer Sy hartstog vir die huis van die Here Hom – Hy gaan nie die tempel afbreek nie. Hulle het eenvoudig Sy woorde verdraai.

Maar natuurlik was daar ‘n baie dieper betekenis in die woorde van die Here Jesus as om net die Jode te uitoorlê om aan hulle ‘n teken te gee wat hulle nie sou nakom nie. Lees vers 21-22. Die Here Jesus was besig om oor ‘n baie groter saak te praat as wat die Jode gesnap het. Selfs die dissipels het nie op daardie stadium verstaan wat Jesus bedoel het nie – dit sluit Johannes in wat hier skryf. Dit was eers na Jesus se opstanding dat hulle dit verstaan het. Wat is dit wat Jesus bedoel het met hierdie stelling?

- Vers 21 sê die Here Jesus het van die tempel van Sy liggaam gepraat. As Hy dus verwys na die tempel wat afgebreek moet word en Hy sal dit in 3 dae weer opbou, bedoel Hy nie die fisiese tempel daar in Jerusalem nie, nee, Hy bedoel Sy liggaam, Hy bedoel Sy fisiese liggaam. Die Here Jesus het verwys na die feit dat Hy gaan sterf – Sy fisiese liggaam gaan doodgaan. Maar Sy fisiese liggaam gaan ook weer opstaan op die derde dag. Die Here Jesus trek dus ‘n verband tussen die fisiese tempel en Sy fisiese liggaam. As ons dit in verbondstaal uitdruk: die fisiese tempel is ‘n tipe van Sy fisiese liggaam.
- Die punt is: Sy eie fisiese dood en opstanding val saam met die afbreek van die fisiese tempel in Jerusalem. Ja, ek weet, die fisiese tempel in Jerusalem is eers in 70 nC vernietig – maar die rol wat die fisiese tempel gespeel het tot dusver, gaan tot ‘n einde kom met die Here Jesus se fisiese dood en opstanding. Daarna het die tempel geen verdere betekenis nie. Hoekom nie? Ek wil jou herinner aan die detail studie wat ons oor die tabernakel/tempel gedoen het as deel van die studie oor die Sinaiverbond. As ek dit kortliks kan opsom: Enersyds was die tempel die ontmoetingsplek tussen die Here en die volk. Andersyds was

die tempel 'n uitbeelding van die verlossingsproses wat die Here met Sy kinders gaan stap: In die voorhof word regverdigmaking uitgebeeld, in die Heilige heiligmaking, en in die Allerheiligste heerlikmaking. Boonop is die Here Jesus die beliggaming van die tempel: In die voorhof is Hy die offer op die brandofferaltaar en Sy bloed verteenwoordig die water in die waskom, in die Heilige is Hy die Lig van die lampstaander, Hy is die Brood op die tafel met die toonbrode, Hy is die wierook op die wierookaltaar, en in die Allerheiligste is Hy die verbondsark en dit is Sy bloed wat op die versoendeksel gesprinkel is. Wanneer realiseer dit alles? Met Sy dood en Sy opstanding op die derde dag. Dit is dan dat die fisiese tempel in Jerusalem al sy betekenis verloor, dit is dan dat al daardie simbole en tipes in die tempel werklikheid word in die Persoon van die Here Jesus.

- Onthou verder wat Johannes ons al in Joh 1:14 geleer het: "Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon" – letterlik kom tabernakel. Onthou wat die Here Jesus vir Natanael in Joh 1:51 gesê het: "Amen, amen, Ek sê vir julle: Julle sal die hemel oop sien en die engele van God wat opstyg en neerdaal op die Seun van die Mens". Die Here Jesus is voortaan die tempel, Hy is voortaan die ontmoetingsplek tussen God en die mense. Na Jesus se dood en opstanding het die tempel geen betekenis meer gehad nie.

Ja, dit is so: die tempel is eers in 70 nC fisies vernietig. Maar het jy al opgelet dat die Bybel nêrens die vernietiging in 70 nC beskryf nie. Onthou, Johannes het sy evangelie na 70 nC geskryf – maar hy verwys nie eens daarna nie – vanuit 'n openbaringsperspektief is die fisiese vernietiging van die tempel nie belangrik nie, want met Jesus se dood en opstanding is die tempel se rol reeds uitgedien. Sedert Jesus se opstanding tot met 70 nC was dit net 'n gebou. Daarom is ek oortuig al die beheptheid in ons tyd met die Jode wat weer 'n tempel moet bou, die beheptheid met die klaagmuur in Jerusalem, en die beheptheid met die feit dat die Dome-of-the-Rock moskee staan op die plek waar die tempel in Jerusalem gestaan het, is eenvoudig misplaas. Dit ontken dat die tempel uitgedien is, dit ontken dat die Here Jesus die tempel is.

Kom ons besin oor wie het die tempel afgebreek? Jesus het destyds vir die Jode gesê: "Breek die tempel af, en Ek sal Hom opbou". Voor die Joodse Raad het hulle Jesus beskuldig Hy het gesê: "Ek kan die tempel afbreek..." Maar wie het die tempel afgebreek: die Jode of Jesus? Wel, ons het sopas gesê Jesus het al die tipes van die tempel vervul – nie afgebreek nie, maar vervul . Soos ons laasweek gesien het die wyn het uit die water gekom, die nuwe verbond vervul die ou verbond. Die Here Jesus het nie die tempel afgebreek nie, maar vervul. Maar dink nou aan die volk: Soos ons gesien het, het hulle bloot formalisties met die tempel en sy gebruike omgegaan, sonder 'n waardering van die simboliek van die tempel, sonder 'n verlange na die vervulling van die simboliek. Hulle het gedink hulle kan op 'n meganistiese manier die Here tevrede stel. Effektief het hulle die tempel afgebreek. Met die reiniging het die Here Jesus nie maar net bedoel gaan koop en verkoop die diere buite die tempel nie, nee, Hy het bedoel hulle verstaan in elk geval nie die betekenis van die tempel nie en ook nie die rol van die offers in die tempel nie – vir hulle was die tempel as't ware al reeds afgebreek deur hulle optrede. Daarteenoor vervul die Here Jesus die simboliek van die tempel met Sy dood en opstanding en Hy word die ware tempel.

Sien jy hoe het die hartstog vir die Here se huis die Here Jesus verteer? Hy was bereid om te sterf – en sodoende het Hy die ware tempel geword met die werklike inhoud waarna die tempel gewys het. Hy is nou die ware Offer – daarom is daar nie meer diere vir offers in die tempel nodig nie, daarom is daar nie meer 'n tempel nodig nie, daarom kan hy die handelaars en geldwisselaars uitjaag.

Natuurlik het die Jode dit nie verstaan daardie dag in Jerusalem nie. Trouens, vers 22 sê selfs die dissipels het dit nie daardie dag verstaan nie – selfs hulle moes wag tot na Jesus se opstanding

voordat hulle dit begryp het. Maar onthou Johannes se doel: Hy wil sy lesers, onder andere, oortuig die Here Jesus is die Messias. En al het die dissipels dit nie direk verstaan nie – na Sy opstanding het hulle verstaan, en toe het hulle die Skrif en wat Jesus gesê het, verstaan. En toe het hulle geglo. Deur vir ons te vertel wat daardie dag gebeur het, en deur vir ons te vertel hoe die dissipels dit later verstaan het, wil Johannes en die Heilige Gees ons ook oortuig: Die Here Jesus is die Messias. En hy wil ons oortuig: Glo in Hom, soos die dissipels – dan sal ons lewe.

<u>Maar Jesus het Hom nie op mense verlaat nie (Joh 2:23-25)</u>

Lees verse 23-25. Uit vers 23 volg dit dat terwyl Jesus in Jerusalem was vir die pasgaviering waarvan ons nou in die vorige verse gelees het, het Hy ook talle tekens gedoen. Maar Johannes beskryf nie vir ons die detail van hierdie tekens nie. Wat hy wel vir ons beskryf, is dat talle mense die tekens gesien het, en hulle het in Hom geglo. Dit klink belowend. Maar verse 24-25 demp die opgewondenheid. Alhoewel hierdie mense geglo het op grond van die tekens wat hulle gesien het, het die Here Jesus Hom nie op hulle verlaat nie (DAV), die OAV sê Hy het Hom nie aan hulle toevertrou nie. In die Grieks is hier woordspeling: die stam van die woord wat vertaal word met hulle het in Hom <u>geglo</u>, is dieselfde as die stam van die woord wat vertaal word Hy het Hom nie op hulle <u>verlaat</u> nie. Die NIV probeer om iets hiervan aan te dui: ".... they <u>trusted</u> in His Name. But Jesus would not <u>entrust</u> Himself to them". Met die eerste oogopslag klink dit tog vreemd: Hulle het in Hom geglo (Hom vertrou), maar die Here Jesus het Hom nie op hulle verlaat nie, of Hy het Hom nie aan hulle toevertrou nie. Hoekom nie? Is dit nie juis deur geloof in die Here Jesus dat hulle gered moet word nie?

Verse 24-25 verduidelik vir ons wat die situasie was: Die Here Jesus het hierdie mense se harte geken. Onthou hoe ons gesien het dat Hy die harte van die dissipels ondersoek het toe Hy hulle geroep het – wel die Here Jesus het ook die harte van hierdie mense wat in Hom geglo het op grond van Sy tekens, ondersoek. En, soos ons met die dissipels gesien het, is Sy ondersoek van harte akkuraat – Hy kan effektief oor iemand se hart oordeel. Wat ons dus moet aflei, is dat Jesus in hulle harte kon sien hulle is bloot gefassineer deur die tekens wat Hy gedoen het. Maar dit is al wat hulle gefassineer is: Hier is Iemand wat bonatuurlike dinge kan doen – kom ons glo in Hom, dan kan Hy vir ons ook bonatuurlike dinge doen. Maar Jesus keur so 'n oppervlakkige geloof nie goed nie, en daarom het Hy nie Homself aan hulle toevertrou nie. Ons kan aflei, sodra die Here Jesus hulle nie meer sou fassineer met wonderwerke nie, sou hulle geloof kwyn.

Hierdie waarskuwing is 'n ernstige waarskuwing aan elkeen van ons. Onthou hoe die Here Jesus vir Andreas en Johannes gevra het toe hulle Hom begin volg het: "Wat wil julle hê?" (Joh 1:38). Dit is ook die vraag aan ons. Wat wil ons van die Here Jesus hê? Wil ons ook Hom hê bloot as 'n Wonderwerker? As ek siek is, moet Hy my gesond maak – as 'n Wondergeneser. As ek iets wil hê, moet Hy die middele voorsien – as 'n Wonderbewerker. Is dit wat ons van Jesus wil hê? Die Here Jesus weet eenvoudig wat ons motief is.

Die belangrike punt is: Die Here Jesus is soveel meer as 'n Wonderwerker. Die Here Jesus is die Messias en Hy is die Seun van God. Die Here Jesus het nie aarde toe gekom primêr om siekes gesond te maak en wonders te doen nie. Nee, Hy het aarde toe gekom om die vervulling van die tempel te wees, Hy het aarde toe gekom om die eenmalige effektiewe offer te wees waarheen al die offers in die tempel gewys het. En die mense wat geglo het bloot omdat Hy wonders gedoen het – het dit misgekyk. Die Jode daardie dag in die tempel het misgekyk dat Hy die offers gaan vervang, hulle het misgekyk dat Hy die vervulling is van al die simboliek in die tempel, hulle het misgekyk dat Hy die oplossing vir hulle grootste nood is: hulle sondeskuld en sondesmet. Netso het die mense wat geglo het op grond van Sy wonderwerke, dit ook gemis.

Natuurlik kan die Here Jesus wonderwerke doen. Natuurlik het die Here Jesus wonderwerke gedoen. Maar as dit al is wat jy van Jesus verwag – om jou krisisse deur wonderwerke aan te spreek – dan vertrou die Here Jesus Hom nie aan jou toe nie. Onthou, Hy weet wat jou verwagting is. Nee, die Here Jesus ondersoek of jou hart is soos Natanael se hart was – vol afwagting op die Beloofde Een wat ons grootste nood gaan aanspreek, die Een wat in die Ou Testamentiese tipes afgeteken is, die Een wat die ware tempel is, wat die wyn is, wat die ware offer is.

Ons hoor dikwels van mense wat ernstig siek word, en dan ver reise ondergaan om na sogenaamde geloofsgenesers te gaan deur wie hulle gesond kan word. Ek wil nie nou uitbrei oor of daardie geloofsgenesers effektief is of nie, al wat ek nou wil onderstreep, is: As dit jou enigste verwagting van die Here Jesus is om jou net gesond te maak wanneer jy siek is, verstaan jy nog niks, en sal die Here Jesus Hom ook nie aan jou toevertrou nie. Hy is soveel meer as 'n Geloofsgeneser. Jou nood is soveel groter as jou siekte. Hy wil juis dáárdie nood aanspreek. Natuurlik mag ons vra dat Hy ons gesond maak as ons siek is – maar ons moet ook verstaan Hy is selfs in ons siekte besig met iets baie groter: Hy is die Messias, die Seun van God, en deur in Hom te glo kan jy die ewige lewe ontvang – soos uitgebeeld in die simboliek van die tempel – Hy is die tempel. Dit is waarvan Johannes en die Heilige Gees ons wil oortuig.